TE WEET

30 Junie 2024

NEDERDUITSCH HERVORMDE GEMEENTE NELSPRUIT

www.hervormdekerknelspruit.co.za F/B: Nelspruit Hervormde gemeente

Aan al ons besoekers, nuwe intrekkers en lidmate, baie welkom by ons erediens

Erediens:
Ds. Natasha Loftus
Groet en verwelkoming
Stilgebed
Lied
Lied 524:3 God roep ons om met woord en daad
Votum en seëngroet
Liedere
Lied 184:1+4 Lofsing die Here
Lied 188:1+2 Kom, dank nou almal God
Gebed
Skriflesing 2 Korintiërs 9:1-9
Preek
Lied 529:1–4 Dank, dank die Heer
DANKBAARHEID
Uitnodiging: Gaan en doen iets vir iemand anders omdat jy dankbaar is
Gebed
Here, spreek nou tot elkeen van ons sodat ons weet waar en hoe ons die dankbaarheid moet gaan uitleef.
Lied 308:1+4+5 Neem my lewe laat dit Heer
Seën
Amen Lied 314

Aan ons nuwe lidmate:
Ons sal u graag by die NHK i Toon-bank agter in die kerk wil ontmoet. Kom drink gerus 'n koppie tee saam met ons na die diens.

LIEF EN LEED
Baie geluk aan Japie en Ria Smit met hul dogter se huwelik.

Ons bid al ons lidmate wat gesond-heidsprobleme ondervind, die Heer se krag en troos toe.

TEESKINK BEURTE
30/06 Elma Scherman en groep
07/07 Jaco en Adel en wyk
14/07 Ducky, Theresa en wyk

AKTIWITEITE IN DIE GEMEENTE
30 08:00 Koffiekuier
08:30 Erediens
01 09:15 Dagbestuur vergader
03 Bybelstudie:
10:00 Oranjezicht
06 Jeugleiers toerusting
07 08:00 Koffiekuier
08:30 Erediens
Kerkkantoor gesluit

WERK GESOEK:
Lorraine van Staden is op soek na enige werk. Indien u van iets weet kontak haar asb. 076 479 5638.

30	Donovan	Beukes
30	Abrie	Erasmus
30	Anton	Kotze
30	Magda	Koekemoer
1	Natalie	Van Niekerk
1	Helgard	Van Der Westhuizen
4	Stefan	Kruger
4	Jan	Smit
5	Ina	Viviers
6	Lisé	Scheepers
6	Louise	Viljoen

70+

VERSOEKE:

Het u 'n ***wipmat*** wat in onbruik geraak het? Ons sal hom graag vir ons jeug wil gebruik.

Het u ***afval katoenlap*** wat in u pad lê? Bring dit asb kerk toe? 'n Lidmaat kan dit gebruik.

BAIE DANKIE:

-aan Télanie, Finkie en Ingred wat kom help het om die biblioteek leefbaar te maak. Dit lyk tonne beter!

-ook aan die persone wat die koskas aangevul het.

Ondersteun asb hierdie geleentheid en deel met al u vriende en belangstellendes?

GEBED

O God van hoop, gee ons u vrede
O God van hoop, gee ons u vrede,
leer ons soos kinders op U wag.
Ons wil in stryd en moeilikhede
van U alleen ons heil verwag.
As ons geen weg meer verder sien nie,
help ons om net op U te bou,
wat onaantasbaar vas en seker
U Woord en beloftes hou.
Ons het 'n hoop wat oor die einde
oor sterwensuur en graf heen reik.
Dis onaantasbaar vas en seker
as alle aardse dinge wyk.
Ons het 'n toekoms saam met Christus –
die einde is maar die begin.
Die dood is oorgang tot die lewe –
ons woon by God vir ewig in.
Nooit kan geloof te veel verwag nie,
want God bly aan sy Woord getrou.
Geen grense is daar aan sy mag nie,
Hy sal al sy beloftes hou.
Die hoop op Hom vervul ons lewe,
laat ons die koninkryk verwag,
totdat die volheid van sy vrede
nuut deurbreek op die laaste dag.
(Gesang 588)

Blitspos: https://nhka.org/wp-content/uploads/2024/06/Blitspos-2024_06_27.pdf

SO VER EN TOG SO NABY

Ek was bevoorreg om begin Junie by my ouboet wat al amper 30 jaar in Engeland bly, te gaan kuier. Sedert ek so 10 jaar gelede daar was, het my broer verhuis en hy bly nou in 'n klein dorpie, Collingham, in Noord-Yorkshire. Sy huis is reg langs 'n pragtige klein kerk – die kerkgebou van die St Oswald's Parish Church wat deel van die Anglikaanse Kerk is.

St Oswald's het 'n ryke geskiedenis en bestaan al vir meer as 1 400 jaar. Dele van die huidige kerkgebou is in die twaalfde eeu opgerig. Met die verloop van jare, is verskeie aanbouings aangebring en die laaste groot bouwerk het in 1840 tot 1841 plaasgevind. My ouboet is deel van die span wat die agt klokke in die kerktoring lui. In 1906 is drie van die klokke wat uit 1650, 1679 en 1731 dateer vervang omdat hulle erg verweer het weens die gelui oor die jare.

Ek het twee eredienste in die kerk bygewoon. Dit doen nogal iets aan 'n mens as jy dink dat jy in 'n plek sit waar daar vir 1 400 jaar eredienste gehou is; jy sit op banke wat omtrent 200 jaar oud is; jy luister na 'n predikant wie se voorgangers terug dateer tot die jaar 1275 toe die eerste voltydse predikant in Collingham se kerk aangestel is.

Die eredienste was in die styl van die Anglikaanse Kerk met 'n vaste liturgie wat al die elemente wat deel is van ons gebruiklike liturgie in 'n Hervormde erediens bevat. Baie van die liedere wat ons gesing het, was op wysies van liedere wat ons Hervormers ook sing. Die gemeente word baie betrek deur response wat saam gesê word. Lidmate behartig ook een van die twee Skriflesings wat volgens 'n leesrooster voorgeskryf word.

Deel van die liturgie was dat die gemeente saam die Apostoliese Geloofsbelydenis opgesê het. Die wortels van dié belydenis gaan terug na die jaar 150 nC. Ons het ook saam die Onse Vader opgesê met woorde wat so 2 400 jaar oud is.

Dit het my diep geraak toe ek besef: Hierdie ou, ou belydenis, hierdie ou, ou gebed is Sondag vir Sondag vir meer as 1 400 jaar op hierdie lappie grond in 'n kerkgebou gedoen wat al van die twaalfde eeu hier staan. Dieselfde belydenis, dieselfde gebed wat ons ook hier in ons geliefde Afrikaans menige Sondae in die erediens bely en bid. Vir die eerste keer in 'n baie lang tyd het ek besef watter voorreg, watter onuitspreeklike groot voorreg, dit vir my is om deel te kan wees van 'n geloofsgemeenskap waarvan die wortels duisende jare terug lê. 'n Geloofsgemeenskap wat oor die hele wêreld strek. 'n Geloofsgemeenskap wat dalk baie verskillende gebruike en tradisies het, maar tog ook baie dinge het wat hulle saambind.

My ander gewaarwording was dat alhoewel die liturgie volgens 'n vaste patroon verloop, dit nie vir my styf en oormatig formeel gevoel het nie. Dit was vir my bekend, warm, gemaklik en

ek het tuis gevoel in die erediens. Hoewel ek ver van my woonhuis was, kon ek tuiskom in 'n geestelike huis wat naby aan my hart gelê het.
Ds Etienne Fourie, Emeritus